HIGHGATE OSTRICH FARM south africa

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSHOORN, 6625 082-0988439 chair@edenbiathlon.co.za
www.edenbiathlon.co.za

**2023.09.11**

**NOTULE van die Algemene Jaarvergadering van Eden Tweekamp wat gehou is op Woensdag 11 Oktober 2023 om 18:00 via ZOOM.**

Join Zoom Meeting
https://us04web.zoom.us/j/72719692626?pwd=6nMDCldZcVvmRxEMhPFdP3fnQrJlYS.1

Meeting ID: 727 1969 2626 Passcode: GE13ZC

1 **Opening en verwelkoming**; Voorsitter, Stephnie McKay heet almal welkom en spreek die hoop uit dat die nuwe seisoen tot almal se voordeel en genot sal wees.

2 **Presensie**: Verskonings: Lou-Let Coetzee, Suzette v d Westhuizen.

3 **Finalisering van sakelys**: Sake rondom NA Smit swembad en De Jager Atletiekbaan.

4 **Goedkeuring van vorige notule**: Vorige notule word eenparig aanvaar.

5 **Sake uit die notule**: Geen

6 **Voorsittersverslag** – Stephnie McKay – is vooraf aan alle lede gesirkuleer en sy benadruk net sekere sake van belang. Word eenparig aanvaar.

7 **Finansiële verslag** – Yvonne McKay/Dave van der Walt – is ook vooraf gesirkuleer en word ook eenparig aanvaar. Die geouditeerde state wys op 'n baie gesonde stand en gesonde bestuur van finansiële sake

8 **Affiliasie [R100] en lisensiering [R120] - 2023/24**: Dit bly dieselfde as in 2022. Vorms is aan alle lede gestuur e nook op webtuiste beskikbaar.
[NB Skole/Klubs MOET voor die AJV hulle affiliasie betaal om toegelaat te word om deel te neem aan die AJV.]

9 **Verslag : SA Kampioenskappe 2023 –** Jana Botha nog uitstaande.

10 **Ontwikkeling: Gestremde atlete** – Daar is 'n afname in deelname van gestremde atlete en daar sal 'n groot poging aangewend moet word om dit te verbeter. Die groot uitdaging blyk die vervoer van die atlete te wees – gespesialiseerd en groot koste. Daar sal weer met Carpe Diem en Eljada geskakel word.

11 **Skolekompetisie –** die jongste reels soos vanaf SA Tweekamp ontvang was aan alle lede gestuur. Dit is ook op die webtuiste beskikbaar. Geen verskil van vorige jaar nie.

12 **Webtuiste & Facebookblad: beide** word aktief bedryf en dien as goeie komminikasiemiddels. Daar is ook spesifieke WA-groepe vir die Uitvoerende Bestuur asook alle ouers/atlete wat goed fungeer.

13 **Toekomsbeplanning – Eden Tweekamp**: Daar word voorgestel dat die Bestuur 'n strategiese beplanningsessie voor die einde van die jaar hou om die toekoms van Eden Tweekamp te rig. Dit kan oopgestel word vir almal. Kan op George gereël word.

14 **BYEENKOMSTE**

14.1 **Vrystaat Interprovinsiaal 2023** Bloemfontein 30 Sept 2023 – nie bygewoon nie

14.2 **OP Interprovinsiaal 2023** Gqeberha 29 Okt 2023 – nie bygewoon nie. So aanvanklik 14 Okt wees en toe geskuif na Sondag 29 Okt. Na 'n opname onder tweekampouers & atlete is daar mer 'n groot meerdeheid besluit om nie ta gaan deelneem nie.

14.3 **HIGHGATE Interprovinsiaal 2023** Oudtshoorn 3 Febr 2024

14.4 **SA Kampioenskappe 2024** Bloemfontein 31 Maart & 1 April 2024. Daar sal nou alreeds begin moet word met die beplanning, akkommodasie en vervoerreëlings.

15 **DATUMBEPALINGS 2023/24** [sien aanghegte skrywe] – goedkeuring gedoen met aanpassing.

16 **Administrasiekoste** – Operasionele Bestuurder, Voositter. Was R3000 die afgelope paar jaar. Voorstel dat dit so bly word aanvaar.

17 **NUWE PROGRAM –** aanpassings, inskrywings, uitslae. Daar word nog op SA Tweekamp gewag vir die nuwe aanpassings en veranderings. Stephnie meld dat sy die program geinspekteer het end at dit reeds in werking is.

18 **VAKATURES** - koöptering van

18.1 Spesiale Behoeftes atlete – voorstelle word ingewag.

WIMPY OUDTSHOORN Western Cape Government FOR YOU TWEEKAMP SA BIATHLON

18.2 Ontwikkeling/Transformasie – voorstelle word ingewag.

19 **Ouditeure** – Lamprecht & Meyer. Daar word voorgestel dat hulle weer aangestel word. Hulle doen die state in 'n bitter kort tydjie – die finale bankstaat vir September is eers 3 September verkry en aan hulle oorhandig.

20 **ALGEMEEN**

20.1 NA Smit Swembad – daar word onderhoud gedoen maar die belangrikste saak is die touch pads en elektroniese tydstelsel.

20.2 De Jager Sportkompleks atletiekbaan – gedeeltelik nuut oorgedoen. Kort slegs seker lyne.

Vergadering verdaag om 18:55. Die voorsitter bedank almal vir hulle opoffering en passie om die sport te bevorder. Sy bedank ook weer vir Oom Dave wat nie meer aktief by die tweekampreëlings betrokke gaan wees nie. Hy sal nog bystand verleen met raad en ook met die finansiële beheer.

Dave van der Walt
Operasionele Bestuurder

Stephnie McKay
Voorsitter